# VLEILANDE (C)

## Graad 6

## A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Met elementêre kennis van vleilande toe te rus, veral wat betref die ekostelsel.
2. Die belangrikheid van vleilande in die suiwering van water te laat besef.
3. 'n Liefde en waardering vir vleilande te kweek.

## B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Kennis maak met vleilande deur:
   - vas te stel waar vleilande aangetref word.
   - bewus wees van die klassifikasie van vleilande, en die verskille kan uitwys.
   - inligting van ten minste vyf groot vleilande verkry.
2. Weet hoe die volgende faktore die funksionering van vleilande beïnvloed:
   - klimaat.
   - aktiwiteite in die vlei.
   - opgaardamme.
   - plante.
   - water.
   - houtproduksie.
   - weiding deur plaasdiere.
   - oes van vleilande.
   - brande.
   - hengel en jag.
   - produksie van graan of ander gewasse.
   - suiwering van afvalwater.
3. Kennis neem van die volgende voordele van vleilande:
   - indirekte voordele:
     - vloed afname en stroomvloeiregulering.
     - aanvulling en ontsluiting van grondwater.
     - watersuiwering.
     - erosie beheer.
     - biodiversiteit.
     - chemiese sirkulering.
   - direkte voordele:
     - veeweiding.
     - vesel vir konstruksie en handwerk produksie.
     - visbedryf.
     - watervoëls en waterdiere.
     - landbougrond.
     - waterbron.
     - ekonomies effektiewe afvalwater suiwering.
4. Identifiseer die plantelewe van die vleie.
5. Identifiseer die dierelewe van die vleie.

6. Vleiland ervaring beleef deur:
    - met ’n watervoertuig op die vlei te roei.
    - een nag langs die vlei te slaap.
    - in die vlei te stap.

7. Bewus wees van die volgende gevare by die vleilande:
   - besoedelde water.
   - weet wanneer en waar bilharzia, cholera en malaria voorkom.
   - en weet watter gevaar elkeen van hulle vir die mens inhou.
8. Deelneem aan ŉ praktiese projek by ŉ vleiland deur:
   - ŉ eenvoudige apparaat saam te stel om water te suiwer van organiese materiaal.
   - ŉ model/apparaat saam stel om die werking van ŉ vleiland te illustreer.
9. Uiting gee aan sy skeppingsdrang deur minstens **een** van die volgende te doen:
   - materiaal in die vleiland versamel en ŉ handwerkartikel maak.
   - ŉ lied of gedig skryf oor die vleiland.
   - ŉ waterbeleid vir die skool of kampterrein saamstel.
   - ŉ artikel skryf oor ŉ faset van die vleilande.
   - ŉ skets maak of ŉ prent verf, van die vleie wat besoek is.

## C AANBIEDING

1. Maak gebruik van ŉ kaart van Suid Afrika om die vleilandstreke uit te wys. Natuurbewaring en Toerisme beskik oor baie inligtingsbrosjures.
2. Projekboek vir elke kind is van groot waarde.
3. Die kursusaanbieder moet ŉ kenner wees of iemand wat baie navorsing oor die onderwerp gedoen het.
4. Goeie teoretiese inligting kan die praktiese ervaring ŉ belewenis maak.